

HOOFSTUK 12

Versoening

1. Die versoening deur die Middelaar

Daar word twee stadiums in Christus se werk onderskei:

- Sy magstryd

Dit is sy stryd teen die dood en sy oorwinning as Hy as Vors van die lewe opstaan.

- Sy regstryd

Dit is waar Hy, as Knecht van die Here, deur die reg verneder is. Dit het gebeur toe Hy gely het onder Pontius Pilatus en onskuldig gekruisig is, gesterf het en begrawe is. Jesus het in sy regstryd ons onreg met God versoen.

- 1.1 Jesus het sy hele lewe lank gely, maar veral die laaste gedeelte toe Hy geslaan en gekruisig is.
- 1.2 Jesus het hierdie lyde met sy liggaam en sy siel gely. Sy hele menslike natuur was daarby betrek.
- 1.3 Omdat Christus die toorn van God teen die hele menslike geslag aan sy liggaam en siel gedra het, het sy lyde die karakter van straflyde gehad – Jesaja 53:5; HK, vr. 37.
- 1.4 legs vir die wat Hy verlos het, gely. Hy dra egter die toorn van God teen die hele menslike geslag. Daarom sal die ongelowiges dubbeld boet vir hulle sondes en vir hulle onwilligheid om Christus in sy lyding te aanvaar.
- 1.5 ing genoegsaam – Dordtse Leerreëls (DL) II, par.3. Maar Christus het alleen sy kerk met sy bloed gekoop. Sy offer is dus slegs bestem vir, en kom ook slegs ten goede aan die gelowiges – Romeine 8:33, 34; Johannes 10:15; 15:12, 13; Handeling 20:28; DL II, par. 3-8.
- 1.6 Die leer van die algemene versoening moet verwerp word, want dit is dwaalleer. Die leer van die algemene versoening leer dat Christus vir alle mense gesterf het en dat die beslissing by jou berus of jy sy offer wil aanvaar of nie. Die beslissing berus dus, volgens hierdie dwaalleer, in die geloof van die mens. Die mense wat hierdie dwaalleer verkondig, is die Remonstrante en die metodistiese sektes, soos die Heilsleër, Maranatha-kringe en andere.
- 1.7 Die leer dat Jesus slegs vir die uitverkorenes gesterf het, veronderstel nie dat die evangelie net aan die uitverkorenes alleen verkondig moet word nie. God wil hê dat sy beloftes aan alle mense, volke en tale verkondig moet word. Daar moet nie onderskeid gemaak word nie. Almal moet die bevel tot bekering hoor – DL II, par. 5.

2. Die regstryd van Jesus Christus

- 2.1 Waarom staan daar in die belydenis die spesifieke verwysing dat Jesus gely het onder Pontius Pilatus? Enersyds is dit om die tydstip van die lyde aan te dui: dit was tydens die tyd van Pontius Pilatus. Andersyds is dit ook 'n aanduiding van die karakter van die lyde: die regter – Pontius Pilatus – moet sy amp uitoefen volgens God se reg en deur God se genade – Psalm 82:1. Daar het Pontius Pilatus verklaar dat Jesus gekruisig moet word – HK, vr. 38.
- 2.2 Dit beteken glad nie dat Jesus werklik skuldig was nie. Pilatus erken ook dat Jesus onskuldig is as hy sy hande voor almal was en die uitspraak maak dat Hy Jesus onskuldig vind aan al die dinge waarvan hulle Hom beskuldig – Lukas 23:14.
- 2.3 Jesus het eintlik in ons plek voor Pilatus gestaan – as ons Borg. Ons is skuldig en daarom is Hy in ons plek tot die kruisdood veroordeel om ons van die oordeel van God te bevry.
- 2.4 Jesus het 'n kruisdood gesterf omdat hierdie soort dood God se vervloeking aangetoon het.
- 2.5 Die dood wat die gelowiges op die aarde sterf, is geen betaling of straf nie. Dit is bloot die afsterwing van die sonde en die deurgang tot die ewige lewe. Vir ons het die dood juis hierdie karakter aangeneem kragtens die dood van Jesus Christus.

- 2.6 Jesus het werklik gesterf. Hy was nie in 'n skyndood nie. Die water wat uit sy sy uitgeloop het toe die soldaat die spies in sy sy gesteek het, en veral sy begrafnis, is die konstatering daarvan dat Hy waarlik dood was.
- 2.7 Jesus was nooit in die hel nie. Die woorde, *wat neergedaal het na die hel*, dui aan dat Jesus gely het in onuitspreeklike benoudheid. Hy het werklik verskriklike smarte deurgemaak en die verskrikking van die hel en kwellinge van die dood belewe – HK, vr. 44.
- 3. Die magstryd van Jesus Christus**
- 3.1 Jesus is Regeerder oor alle koninkryke. Om dit te probeer verhoed het die duiwel reeds na Jesus se doop vir Hom al die koninkryke van die wêreld aangebied. Dit was al deel van Jesus se magstryd teen die satan.
- 3.2 Ons bely van Jesus se magstryd dat Hy op die derde dag opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God die Vader. Daarvandaan sal Hy kom om almal, die lewendes en die dooies, te oordeel. Die inhoud van sy oordeel is lewe (hemel) en dood (hel).
- 3.3 Met Jesus se opstanding is sy liggaam en siel herenig en het Hy as die Vors van die lewe uit die graf opgestaan.
- 3.4 Daar is egter 'n verskil tussen die opstanding van Jesus en die opstanding van andere, bv. Lasarus, wat uit die dood opgewek is. Met Jesus se opstanding het Hy met sy eie krag die dood oorwin en Hy lewe tot in ewigheid. Hy het alle mag oor die lewe en die dood. Al die ander is deur die krag van Jesus opgewek, want hulle kon nie in hulle eie kragte opstaan nie.
- 3.5 Ons geloof in die opstanding van Jesus Christus berus op die getuienis van die apostels – 1 Korintiërs 15:1-20.
- 3.6 Die opstanding van Christus het 'n bepaalde nut vir ons, naamlik:
- Ons het deel aan die geregtigheid van Christus.
 - Ons het die reg op die ewige lewe en daarom sal ons deur sy krag opgewek word om ewig te lewe in die hiernamaals.
 - Ons mag van ons eie opstanding seker wees omdat die opstanding van Jesus dien as waarborg vir ons eie opstanding.
- 3.7 Jesus Christus verwerf vir ons:
- Vergewing van sondes
 - 'n Genadereg op die ewige lewe
 - Die wedergeboorte
 - Die oorwinning oor die dood/hel
 - Volmaakte herskepping in die koninkryk van God
- 3.8 Jesus het ook gesterf vir die natuur wat deur die sonde van die mens vervloek is – Kolossense 1:20.
- 3.9 Jesus Christus is nou as 'n verheerlikte mens in die woonplek van God. Hy is as ons Verlosser nou nie meer na sy menslike natuur by ons nie maar, na sy Godheid, Majesteit en Gees, bly Hy altyd by ons. Vgl. HK, vr. 47.
- 3.10 Dit is 'n baie groot troos om te weet dat Jesus weer kom, want daardie dag word ons finaal van al die geweld en gebrokenheid van hierdie lewe verlos. Dan word al die goddeloses in die hel gewerp en die uitverkorenes saam met Jesus in die hemel versamel – HK, vr. 52.
- 3.11 Al hierdie dinge vind plaas op die oordeelsdag. Die datum van die oordeelsdag ken niemand nie. Jesus sê dat die oordeelsdag kom soos 'n dief in die nag – Matteus 25:13; Markus 13:23.